

NUWE AFRIKAANSE BYBEL VERSKYN

Na sowat 15 jaar se werk deur meer as 170 medewerkers is 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, *Die Bybel: 2020-vertaling* nou beskikbaar.

Op Sondag, 29 November 2020 om 14:30 word 'n spesiale toewydingsgeleentheid in die Kopanong Kerk in Bloemfontein gehou. 'n Aantal vertalers, kerk- en Bybelgenootskapleiers sal onder streng COVID 19-regulasies byeenkom vir hierdie geleentheid. Prof Bernard Combrink, die projekteier, sal die diens waarneem. Die geleentheid sal direk op die Bybelgenootskap se YouTube-kanaal (Bible Society of South Africa) asook op die Facebook-blad, Die Bybel, uitgesaai word.

Daar is in 2006 met die vertaling begin. Die meer as 170 medewerkers het brontaalkenners (Hebreeus, Aramees en Grieks), teoloë, Afrikaanse letterkundiges, taalkundiges en vertaalkundiges ingesluit. Sowat 43 vroue was op een of ander manier deel van die medewerkerspan, heelwat meer as die geval met die 1983-vertaling.

Hierdie vertaling is die vrug van 'n Bybelvertalingsprojek wat aangepak is op versoek van die kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik. Sowat 24 verskillende kerkgenootskappe was op een of ander manier by hierdie vertaling betrokke en dit is werklik histories 'n eerste. Dit is die eerste keer dat feitlik alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, by 'n Bybelvertaling in Afrikaans betrokke is.

Die vertaalopdrag was onder andere dat die vertaling 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte, goed verstaanbaar en in goeie Afrikaans wees. "Ons is van mening dat die vertalers daarin geslaag het en dat die baie Afrikaanssprekende gelowiges wat 'n behoefte het aan 'n Bybel wat so na moontlik aan die bronteks, maar steeds goed verstaanbaar is, nou die geleentheid kry om 'n Bybel in Afrikaans te lees en te bestudeer wat hulle in staat stel om so na moontlik aan die leefwêreld van die Bybel te kom," sê ds Dirk Gevers, die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

"Die Bybelgenootskap is ook baie dankbaar dat in hierdie, ons 200ste bestaansjaar, en ten spyte van die moeilike tyd as gevolg van COVID 19, dit tog vir ons moontlik is om hierdie vertaling van die Bybel, die boek van hoop, bekend te stel en om sodoende ook 'n verdere bydrae tot die Afrikaanse taal te kan maak", voeg hy by.

Die Bybel is reeds in die handel of direk by die Bybelgenootskap beskikbaar. Drie weergawes van *Die Bybel: 2020-vertaling* in verskeie bindstyle is beskikbaar – die Bybel, Ou en Nuwe Testament, die Bybel met Deuterokanonieke boeke, asook 'n hoofletter-uitgawe met bepaalde woorde in die Ou Testament in hoofletters gedruk. Laasgenoemde is op versoek van spesifieke kerke voorberei. Besoek gerus www.bybelgenootskap.co.za vir pryse en aanlynbestellings.

Hierdie vertaling van die Afrikaanse Bybel sal ook aanlyn beskikbaar wees by www.biblesa.co.za asook op die BibleSA toepassing.

EINDE

Kontak:

Lucky Nkhoma

t: 021 910 8752

e: lucky@biblesociety.co.za